Geroep Gewillig Gestuur

# VOORBIDDING:



**Wêreld**: Oos-Timor, Indonesië en Filippyne. Slagoffers van terreur en geweld regoor die wêreld. Die brose skietstilstand-ooreenkoms in Gaza tussen Hamas en Israel en die vrylating van gyselaars, asook humanitêre hulp aan Gaza. Oplossing vir die konflik tussen Israel en Iran, asook Sirië. Die beëindiging van die oorlog in Oekraïne en die slagoffers van beide Rusland en Oekraïne. Willem en Alla van der Colff en die werk wat hulle in Oekraïne doen. Oplossings, planne en samewerking om aardverwarming se pas te vertraag en moontlik om te keer, asook om plastiekbesoedeling te verminder. Slagoffers van natuurrampe regoor die wêreld.

**RSA & Dorp**: Regering en regerende instansies - kabinet, provinsiale regering, stadsraad en munisipaliteit. Al die uitdagings waarmee ons land sukkel in basiese onderwys sowel as verdere opleiding. Oplossings vir die hoë misdaadsyfers, veral misdade teen onskuldige kinders en kwesbares. Bendegeweld, taxigeweld en slagoffers en gevolge daarvan in gemeenskappe. Hoop vir mense in gemeenskappe wat onder erge droogte gebuk gaan. Oplossings vir ons land se energiekrisis asook water– en sanitasie uitdagings. Politieke stabiliteit in ons land en wysheid en samewerking in die regering van eenheid.

**Gemeente & Kerk:** Lidmate wat treur, siek en verswak is en diegene onder behandeling en aan die herstel. Dankbaarheid vir God se sorg. Gehoorsaamheid aan ons missie: Geroep, Gewillig, Gestuur. 'n Geseënde vierde kwartaal. Gemeente-betrokkenheid by ons jaarlikse Kersprojek. Studente en hoërskoolkinders wat besig is met jaareindeksamens en ook die laerskoolkinders wat met eksamen begin het.

**'n Woord van meegevoel:** Meegevoel met André Carinus (Lovell) wie se pa, Mike, oorlede is. Meegevoel ook met Marelize en hul dogters, Cara, Luca en Alexa. Meegevoel met Andries Visagie (Buitekring) wie se pa, Jan (voorheen Buitekring), oorlede is. Meegevoel ook met Andries se ma, Christine, wat vir baie jare 'n lidmaat was by ons. Elana Louw (Bontevlei) is oorlede. Meegevoel met haar kinders. Ons dink aan almal in hierdie hartseer tyd en bid vir vertroosting.

**Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag verjaar**: Anneke Kruger (Kaneel) en Brenda Zietsman (Nana).





*Ons junior kategese het 'n lekker afskeid laas Sondag gehad met speletjies, 'n springkasteel, lekkergoedpakkies én roomys!*

Kom haal klaargeknipte lappe by die kerkkantoor en help stik by die huis aan die Bless-a-Baby-sakke. Ons kon al vanjaar **177** voltooide sakke skenk.

Gesinne wat 'n hulpmiddel soek om tuis saam te lees, gesels, doen en bid, is welkom om 'n Huisgeloofblad af te laai van ons webwerf (www.stelwel.co.za) of DinkJeug-webwerf (www.dinkjeug.co.za), of kry die skakel in ons E-Nuus.

**Ons is 'n groen gemeente wat herwin!** In die vierkant by die houers, waar ons papier en glas herwin vir Huis Horison, is daar houers vir elektroniese en elektriese toerusting, asook vir energie-besparende gloeilampe, batterye en ou selfone.

Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

# WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.

Koninkrykstyd

## 23 November 2025

### Sondag van Christus die Koning

| | |
|---|---|
| Erediens | 09:30 |
| Prediker | Elzanne van der Westhuizen |
| Tema | Die dood is verby; Christus, die Koning, bly! |
| Teks | Lukas 23:33-43 |
| Koinonia Kafee | 10:30 - kuier saam met tee en koffie in die vierkant |

Jaartema: groei



Ons vier vandag Christus se koningskap aan die einde van die kerkjaar. Ons vier dit aan die einde van Koninkrykstyd om te onthou dat Christus elke dag koning is oor ons lewens en, voor die oorgang na Advent, om te onthou dat Christus ewig koning sal wees!

As Christene glo en bely ons dat Christus die Koning is en altyd sal wees "oor dié wat lewe en dié wat reeds gesterf het." Dit is daarom ons gemeente se gebruik om vir gemeentelede, wat die afgelope jaar geliefdes aan die dood afgestaan het, spesiaal na die erediens uit te nooi. Elke gemeentelid word egter vandag uitgenooi om geliefdes te onthou en 'n kers vir hulle aan te steek tydens die diens. Ons bid saam vir jou en bely ook saam dat Christus steeds koning is en teenwoordig is by jou sowel as jou geliefdes!

**Kerkraadnuus:** Op die kerkraadsvergadering van 18 November 2025 is die volgende persone tot die kerkraad verkies: Karin Calitz (Barmhartigheidsaksie en Getuienis), Sas Otto (Adminkomitee), Elizna Horn (Familie-en Jeugbediening) en Wouter van den Heever (Diaken B-wyke). Die volgende persone is tot die kerkraad herkies: Mike Reynolds (Adminkomitee), John Villet (Ouderling A-Wyke), Marthie Momberg en Gerhard van Wyk (Ouderlinge B-Wyke) en Laetitia Vogel (Diaken B-Wyke).

**Vakante pos by die kerkkantoor** Die Ontvangs– en Barmhartigheidspos by die gemeente is vakant en aansoeke word ingewag vir diensaanvaarding 1 Maart 2026. Alle inligting rondom die pos sowel as vergoeding is beskikbaar by die skriba (021 886 5975 / skriba@stelwel.co.za). Aansoeke sluit 30 November.

Kom drink 'n koppie tee of koffie by ons Koinonia Kafee in die vierkant ná die erediens en kuier nog 'n bietjie saam! Dankie aan die skinkers!

**ONS KANTOORURE is:** Maandae tot Vrydae van 08:00 tot 13:00

**PROGRAM VIR DIE VOLGENDE WEEK: Maandag 24/11 tot Sondag 30/11**

| | | |
|---|---|---|
| Wo 26/11 | 09:00 - 12:00 | **Kersprojekverpakking:** kom werk saam in die vierkant en help om alles mooi vlot te laat verloop met die Groot Verpakking van ons Kersprojek vir 2025.  |
| Do 27/11 | 09:00 - 12:00 | **Naaldwerkbediening:** kom werk saam met die vroue van die naaldwerkbediening in die naaldwerkkamer by die kerk. |
| So 30/11 | <br>09:30<br>10:30<br>10:30<br>11:00 | **Eerste Sondag van Advent**<br>**Kerssangdiens:** Leon Cronje<br>**Leon en Anette se afskeid:** in die vierkant. Almal is welkom!<br>**Kerkbiblioteek**: neem boeke uit in die vierkant<br>**Gemeente-Bring-en-Braai:** op die grasperk onder die kurkboom. |

**Die deuroffer vandag gaan aan Stellumthombo:** Stellumthombo bied ondersteuning aan 14 vroeëkind-ontwikkelingsentrums (kinders jonger as 7 jaar) in die gemeenskap van Stellenbosch deur te fokus op volhoubare bestuur, opvoedkunde en voeding. Vir meer inligting, lees gerus meer op www.stellumthombo.co.za.



Die deuroffer verlede week aan die Neonatale Eenheid van die Paarl Hospitaal was R1 700. **Baie dankie!** *Volgende week se deuroffer gaan aan Stellenbosch Vigsaksie.*

**Betaal met SNAPSCAN** (onthou om 'n verwysing in te tik.)




Op Sondag 30 November is dit ons Kerssangdiens en oudergewoonte gaan ons weer daarna die vure aansteek en saam braai om die jaar af te sluit. Ons gaan dan ook vir oulaas saam met Leon en Anette kuier. Bring jou eie drinkgoed, eetgerei en braaivleis en laat weet vir Linda Koetsier (083 683 1858) as jy 'n slaai kan bring om te deel. Laat weet die kerkkantoor (021 886 5975) teen Vrydag 28 November of jy gaan saam braai sodat ons vir genoeg poeding kan sorg.



November se Barmhartigheidstema fokus op **kinders**.
Ons gaan voort met ons **Kersprojek**.

Ons samel gedurende November voedsel, toiletware, skoonmaakmiddels en skryfbehoeftes in vir die Kersprojek. *Die deuroffers gaan gedurende November aan Kinder– en Jeugsorgsentrums, Jamestown Sounds, Paarl Hospitaal se Neonatale Eenheid, Stellumthombo en Stellenbosch Vigsaksie.*



**Bankbesonderhede**
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149821/198765 Rekno: 149 8046 320

**NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen**
Telefoon: 021 886 5975
E-pos: skriba@stelwel.co.za

# Kersprojek 2025



Die groot dag is amper hier! Die verpakking van die Kersprojek vind op **Woensdag 26 November vanaf 09:00** in die vierkant plaas. Almal is welkom, selfs diegene wat dink dat hulle dalk nie meer so flink en vinnig kan beweeg nie. Daar is 'n takie vir almal, met heerlike koffie, tee en toebroodjies as lafenis. Al wat jy kan saambring, is 'n gemerkte skêr. *Baie dankie aan almal wat alreeds bygedra het tot die Kersprojek. Dit is steeds nie te laat om by te dra nie - enigiets op die inkopielys of 'n finansiële bydrae om ons boeke te laat klop.* 'n Laaste **dringende versoek**: indien daar dalk enige grootte karton-bokse by die huis of werk rondlê, bring dit asseblief vóór Woensdag na die kerkkantoor. Elke pakkie wat uitgaan, moet verpak word in 'n sakkie of kartonboks. Ons sien uit na 'n besige en vol vierkant op die 26ste!

## Uitnodiging aan almal om Leon en Anette se afskeid by te woon

Jy word spesiaal uitgenooi na Leon Cronje se afskeid na afloop van ons Kerssangdiens op Sondag 30 November. Ons gaan vir oulaas met tee, koffie en eetgoed saam met Leon en Anette in die vierkant kuier. Almal is welkom! As jy nog 'n bietjie verder wil kuier saam met Leon-hulle, kan jy ook ons gemeente-bring-en-braai bywoon. Ons gaan weer op die grasperk by die kurkboom kuier om die jaar saam af te sluit.




## Verlore items by die kerkkantoor:

Daar is heelwat verlore items in die kerk-kantoor. Kom loer gerus indien jy 'n Bybel, sambreel, bril of dalk 'n brilhuisie verloor het.




*Die Sonderbriekers het verlede Donderdag hul afsluiting vir die jaar by Huis Horison gehad. Eers is hulle op 'n begeleide toer deur die tuine geneem en toe kon hulle heerlik ontspan in Huis Horison se kafee, Village Thyme. Huis Horison se koor het hulle verras met 'n baie spesiale optrede. Ons sien uit na 2026 met nuwe avonture om saam te beleef en spesiale plekke om saam te ontdek!*